



WAT OM TE DOEN AS DAAR 'N GEVAL VAN COVID-19 IN DIE WERKPLEK IS

1 April 2020



1 Ontwikkel 'n plan om in werking te stel as daar 'n geval van COVID-19 in die werkplek is.



2 Die plan moet 'n scenario insluit waar die siek persoon in 'n vertrek geplaas word waar hy of sy afgesonder is van ander mense in die werkplek. Beperk die aantal mense wat kontak met die persoon het, en kontak onmiddelik die COVID-19 hulplyn.



3 Oorweeg hoe om werknemers met verhoogde risiko te identifiseer, sonder om stigma en diskriminasie in die werkplek houvas te gee. Dit mag mense wat onlangs gereis het, insluit, sowel as mense met 'n verhoogde risiko weens onderliggende toestande (bv. diabetes, hart-en longsiektes, verhoogde ouderdom).



4 Ontwikkel 'n gebeurlikheidsplan sowel as 'n besigheidskontinuiteitsplan vir 'n COVID-19 uitbraak in die gemeenskap waar die besigheid gesetel is.



5 Die plan sal die besigheid help voorberei vir die moontlikheid van 'n COVID-19 uitbraak in die werkplek of gemeenskap waar die besigheid gesetel is. Dit sou natuurlik ook help in die geval van ander gesondheidsnoodgevallen.

6 Die plan moet insluit hoe die besigheid sou aanhou funksioneer, selfs al sou 'n beduidende aantal werknemers, kontrakteurs en verskaffers nie na die besigheid sou kon kom nie, óf weens die grendelbesluit, óf weens siekte.

7 Kommunikeer die plan aan werknemers en kontrakteurs sodat hulle bewus is wat van hulle verwag word, en wat hulle nie moet doen, ingevolge die plan. Beklemtoon sleutelpunte soos die belangrikheid om nie werk toe te kom, selfs al het hulle ligte simptome wat net eenvoudige medikasies soos paracetamol of ibuprofen vereis het om simptome te verlig.



8 Maak seker die plan adresseer die geestesgesondheid en sosiale aspekte van 'n COVID-19 uitbraak in die gemeenskap, en dat dit ondersteuning insluit. Dis 'n baie onsekere tyd vir almal.



9 Maak seker dat die COVID-19 hulplyn onmiddelik geskakel word om die Departement van Gesondheid in kennis te stel van 'n vermoedelike geval van **COVID-19: 0800 029 999**. MOENIE 'n siek werknemer dokter toe neem voordat die hulplyn geskakel is nie, behalwe as dit 'n mediese noodgeval is nie.

10 **Wees pro-aktief, wees voorbereid.**